**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersieningsnommer. : 112/2009

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**OUPA PETER TSHABALALA**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | HANCKE, R *et* VAN ZYL, R |
| **UITSPRAAK:** | HANCKE, R |
| **GELEWER OP:** | 5 MARCH 2009 |

---

[1] Hierdie is 'n spesiale hersiening ingevolge Artikel 304A van Wet nr. 51 van 1977. Die beskuldigde het in die distrikshof te Bethlehem tereggestaan op twee aanklagte van oortreding van Artikel 117(a) van Wet 111 van 1998 (ontsnapping). Nadat hy skuldig gepleit het en die landdros tevrede was dat hy al die elemente van die betrokke misdrywe erken het, is hy aldus skuldig bevind op beide aanklagte.

[2] Toe die landdros die betrokke Wet nagaan met oog op strafoplegging, het sy vasgestel dat die betrokke Wet nog nie in werking was op datum van die pleging van die misdryf vermeld in aanklag een nie, naamlik op 9 Junie 1998, aangesien die betrokke Wet eers op 19 Februarie 1999 in werking getree het.

[3] Artikel 270 van Wet 51 van 1977, soos gewysig, lui soos volg:

> "Indien die getuienis op 'n aanklag weens 'n misdryf wat nie in die voorafgaande artikels van hierdie Hoofstuk vermeld word nie, nie die pleging van die aldus ten laste gelegde misdryf bewys nie, maar die pleging van 'n misdryf bewys wat uit hoofde van die wesenlike bestandele van daardie misdryf by die aldus ten laste gelegde misdryf inbegrepe is, kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word."

Vergelyk ook aantekeninge in **Hiemstra: SUID-AFRIKAANSE STRAFPROSES, 6de Uitgawe** deur Johann Kriegler en Albert Kruger, p. 676 tot 677.

[4] Uit hoofde van die voormelde bepalings, vra die landdros dat die skuldigbevinding ten opsigte van aanklagte een ter syde gestel moet word en vervang word met ‘n skuldigbevinding aan oortreding van Artikel 48(1)(a) van Wet nr. 8 van 1959, wat destyds van krag was. Ten opsigte van aanklag twee was die betrokke Wet reeds van krag gewees. Na my mening kan daar geen benadeling wees nie, en behoort aan die landdros se versoek voldoen te word.

[5] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Wat aanklag een betref word die skuldigbevinding tersyde gestel en vervang met ‘n skuldigbevinding aan oortreding van Artikel 48(1)(a) van Wet nr. 8 van 1959.
2. Die skuldigbevinding ten opsigte van aanklag 2 word bekragtig.
3. Die saak word na die landdroshof terugverwys vir die oplegging van ‘n gepaste vonnis.

**S. P. B. HANCKE, R**

Ek stem saam.

**C. VAN ZYL, R**

/EM